

2016!

2016!

2016!

WELKOM by die 1^{ste} uitgawe van die Aloe Ferox 2016 nuusbriëf. Ons hoop dat ons sover daarin slaag om elke nuusbriëf propvol leersame en nuttige wenke te maak sodat elke verspreider daarby kan baat. Dit is altyd vir ons 'n voorreg en 'n eer om elkeen van ons verspreiders by te staan om die beste van jul Aloe Ferox besighede te maak.

ONS hoop dat elkeen van julle en jul families, die lekker warm somerweer geniet en mag julle 'n uiters geseënde feesseisoen beleef. Laat vrede, vreugde en voorspoed toe om jou elke dag te vergesel.



Belangrik!

ALOE FEROX KONTAKBESONDERHEDE

Telefoniese navrae: (028) 735 8100

Faks: (028) 735 8131 of 086 649 8710

Algemene epos navrae: info@af.co.za

Bestellings en verkope navrae: sales@af.co.za

SPEKIALE AANBOD
JANUARIE &
FEBRUARIE
2016



1. **Sweet Feet** – Loop jy soms mense raak met 'n opsigtelike pyntrek op die gesig? Vra gerus of hul voete dalk pla. Seer voete en emosionele welstand is so vervleg dat mense dadelik sal dink jy is heldersiene. Mense met seer voete is broos en baie mense se voete is seer.

Ons word nie gebore met seer voete nie, ons verwaarloos hulle dikwels genadeloos, ons mishandel dié getroue werkesels wat eintlik ons beste sorg verdien. Ons doen dit op vele maniere: met knellende skoene, te veel gewig, ooreising, swak eetgewoontes, verkeerde liggaamshouding, oordosering van medikasie; noem maar op. Het jy geweet dat die gemiddelde mens ongeveer 160 000km in 'n leeftyd loop? Dit is 4 keer om die aarde!

Navorsing t.o.v. geskikte bestanddele vir die Aloe Ferox *Sweet Feet* het jare gelede gelei tot 'n heilsame kombinasie van kruie en plante. Hierdie kruie en plante bevat plantchemikalieë wat pynstillend, swamdodend en onvriendelik teenoor bakterieë, virusse en parasiete is. Dit is ook anti-inflammatories, verkoelend, bevorder bloedsomloop en verminder oormatige sweet. Daar word uit Siberië vertel dat die boswerkers/houtkappers hul stewels met dennenaalde aan die binnekant uitpak en dan so met dennenaalde en al aantrek. Hulle hou dan hierdie stewels vir 14 dae aanmekaar aan – dag en nag. Die olie van die dennenaalde wat dan uitgepers word, hou die stewels en ook die voete van die werkers vars! Dit is dus voor die hand liggend dat dennenaald-olie een van die aktiewe bestanddele van Aloe Ferox *Sweet Feet* is.

Masseer *Sweet Feet* op skoon, moeë voete met lang hale vanaf tone tot by enkels. Masseer elke toon, masseer dan opwaarts oor die brug van die voet tot by die enkels. Gebruik daagliks om wintersvoete (Pernio) te voorkom.

'n Kaapse Aloe Ferox gebruiker was gepla met 'n opgehewe, jeukende uitslag op haar elmboog wat veral op warm dae hinderlik was. Verskillende middels het die gejeuk verlig, maar die uitslag wou nie verdwyn nie. Sy beproef toe Aloe Ferox *Sweet Feet*, want as dit vir voetswamme werk, behoort dit vir hierdie uitslag ook te werk. Sowaar, die gejeuk het minder geword en die uitslag droër totdat dit na 8 dae verdwyn het. Haar ma het ook vir maande lank 'n irriterende, jeukende uitslag gehad wat in korse oral op haar lyf uitgeslaan het. Vanweë die produk se heilsame werking het sy ook Aloe Ferox *Sweet Feet* vir haar ma se probleem aanbeveel. "Die uitslag het begin opdroog en verdwyn! Vir die eerste keer in maande hoef my ma nie meer te skrop soos 'n hoender met luise nie!"

In 'n later stadium skryf dieselfde gebruiker: "As daar nou 'n wonderprodukt is wat ek herontdek het, is dit Aloe Ferox *Sweet Feet*. Nee, nie net vir my voete nie, maar vir veel meer. Ek het eerder gevind dat dit help vir jeukende uitslag aan my elmboog, maar dat dit ook wonders verrig op ander, baie sensitiewe areas."

2. **Timeless Cleansing Mousse** reinig sagkens sonder om die vel van natuurlike olies te ontnem. Timeless *Cleansing Mousse* bevat geen skadelike chemikalieë of reinigers nie (100% seep-vry) maar bevat slegs natuurlike bestanddele, kruie en vitamies wat die vel bevog, voed en beskerm teen omgewingsbesoedeling. Dit werk hiperpigmentasie teë wat 'n meer egalige velkleur teweegbring. Dit lei tot 'n gesonde, stralende vel.
 - ✓ Vry van aknee-veroorsakende middels.
 - ✓ Gebruikers- asook omgewingsvriendelik.
 - ✓ Geskik vir sensitiewe velle.
 - ✓ Bevat geen preserveermiddels nie.
 - ✓ Alkohol vry.
3. **Adam** kapsules is goed vir die algemene welsyn van mans en is gunstig vir seksuele blus en die welsyn van die prostaatklier. Ongeveer 80% van alle mans bo 60 jaar het 'n vergrote prostaatklier. Die klier lê direk onder die blaas en omring die uriënbus. 'n Vergrote prostaatklier belemmer uriënvloei en die blaas kan dan nie ten volle geledig word nie. Veroudering, hormoonwanbalans en/of 'n tekort aan sink en/of essensiële vetsure kan lei tot 'n vergrote prostaatklier. Vul jou dieet aan met Aloe Ferox *Adam*-, Aloe Ferox *Omega 3* kapsules en eet meer goeie vette soos neute, avokado's en olieryke vis.

LABORATORIUM-KOEKELOER

Die vel onder die oë raak vinnig pofferig, sakkerig en vaal/glansloos wanneer mikro-sirkulasie in die klein aartjies onder die oë begin verswak. Begin sommer vandag om hierdie baie sensitiewe vel-area te beskerm, op te knap en te laat straal van skoonheid deur Aloe Ferox *Eye Gel* by jou daaglikse velsorgroetine te voeg. Die formulering is onlangs opgegradeer om mikro-sirkulasie selfs nog meer te bevorder. Aloe Ferox *Eye Gel* is nie 'n velbevogtiger nie. Ons raai dus aan dat Aloe Ferox *Eye Gel* tesame met Aloe Ferox *Eye Cream*, wat vel 'n velbevogtiger is, gebruik word vir uitmuntende resultate.



DIE LAZARUS-KUIKEN (WARE VERHAAL)

Hier op Albertinia het twee hoenderhennetjies toe nou so saam-saam begin broei. Die een ou hennetjie, Tannie Liefde, het haar arme wesies sommer vroeg-vroeg begewe en weer ingeskakel by die sosiale hoenderlewe. Die klein kuikentjies moes toe hans grootgemaak word. So gebeur dit toe eendag dat Klein-Rooies, een van die wesies, in sy hans-dommigheid sommer so sonder rede in Tannie Kekkelbek, die ander ma-hennetjie, se hok instap. Tannie Kekkelbek het niks teruggehou nie, sy het die arme wesie gepik totdat Klein-Rooies bewegingloos op die grond bly lê het. Ma van die plaas het hom daar loop kry en stil-stil sy lewlose kuikenlyfie huis toe gedra. Die begrafnis-flennielappie was al uitgehaal maar toe sien sy dat die hartjie nog dofweg deur 'n vliesie in sy nekkie bewe. Die nekkvelletjie was feitlik reg rondom afgeskeur. Hans-ma het dadelik Aloe Ferox *Bitter Aloe Gel* sommer lekker dik opgesit en kort-kort opgevolg met nog 'n sarsie. So onder die Aloe Ferox *Bitter Aloe Gel* deur begin die nekkvelletjie toe groei en heg, en word Klein-Rooies herbore as Lazarus. Vandag loop Lazarus met sy hartjie op sy mou: As dit nie vir daardie *Bitter Aloe Gel* was nie...

OPLEIDING 2016



Aloe Ferox bied 3 verspreidersopleidingskursusse per jaar aan en dit is 100% gratis. Drie nagte gratis verblyf, drie dae van smul lekker eet en 'n magdom van inligting en kennis. Gedurende die drie dae word verkoopstegniese, produkinligting, velsorg-geheime en nog vele meer behandel. Bring gerus jou man/vrou en kinders saam – terwyl jy bedags leer kan hulle op die naaste strand (slegs 35km) gaan rinkink. Bespreek sommer nou jou plekkie op die 2016 opleidingskalender!

2016 Datums
 23-25 Mei (Eng)
 8-10 Augustus (Afr)
 5-7 Desember (Afr/Eng)

BEMARKINGSPROMOSIE

Aloe Ferox beskik oor 'n groot verskeidenheid bemarkingsmateriaal wat jy as verspreider kan gebruik om jou verkope te verbeter. Sien die ingeslote A5 bemarkingspromosie blaadjie vir verdere besonderhede.

DIE WEL EN WEË VAN DIE BEWONERS VAN DIE ALOE FEROX DIEREPLAAS

Het jy geweet dat daar na raming NEGE BILJOEN troeteldiere in Suid-Afrika is? Is dit nodig om meer te sê oor hierdie veelseggende statistiek... en die uitbreiding van jou "kliënte"-basis?

Lees nou verder aan die storie van die bekkige diere wat op die Aloe Ferox-aalwynplaas woon. Elkeen van hulle "probleme" is gebaseer op feite, wat ook op mense van toepassing gemaak kan word, en kan gestaaf word deur getuienisse. Lekker lees – en LEKKER leer!

HOOFSTUK 4

Oom Fausti German Shepherd verdwyn soos blits om die hoenderhok. Vandat Ta'Maraia vir hom elke dag 'n vuurhoutjekopgrootte bitterkristal in 'n stukkie maalvleis voer, beweeg hy baie makliker. Hy vertel ook vir al die plaasdiere dat ouderdom en rumatiek nie meer 'n ding is om te vrees hier op die aalwynplaas nie. Dit is net die weeklikse baddery wat hy haat. Wie wil dan met 'n blink pels rondloop as jy stokoud is? Vir wie, miskien? En hy hou mos so daarvan as mense hom jammer kry, en vir Ta 'Maraia vra hoe oud hy is omdat hy so dowwerig en stinkerig lyk en ruik. Skrootwerf Bella het hom vertel dat ou mense, nes ou honde, dikwels ook al minder van bad hou. Oom Fausti vind dit dus nie uitsonderlik dat hy 'n hekel het aan bad nie.

Maar Ta'Maraia is sonder genade oor higiëne. Sy sê die aalwyn se bittersap, sitronella-, teebos- en denneolie in Sham-Pet sjampoe verjaag al wat 'n inwendige en uitwendige pes is. Dit is glo anti-bakteries, anti-virus, anti-fungus, anti-vlooi, anti-bosluis – en dit maak stukkende plekkies op die vel gesond. En dan help dit ook vir 'n baie "netelige situasie" – so noem Ta'Maraia dit – by mense; iets waarvoor hulle net fluister, en dit is... kopluisse-by-kindere. Dit is iets soos 'n plaag wat by skole uitbreek, en dit is glo die kindere met die skoonste hare wat die meeste daarmee gepla is. Die ma's wat dit vir die eerste keer op hul kindere se koppe ontdek, is gewoonlik vir 'n paar dae skoon siek van ontsteltenis. Party moeders van hoë afkoms noem dié goggas ter versagting "jerusalemponies". Enigiets om nie "daardie woord" op hulle lippe te neem nie – veral nie ten opsigte van hul edel kindertjies nie.

Oom Brutus sê dis sommer nonsens dat mense so 'n herrie daarvan maak. Dit is hoogtyd dat dit "ge-de-stig-ma-ti-seer" word; hulle moet net *Sham-Pet* sjampoe gebruik, dan is dit koebaai met die luise. Hy het juis gedink aan 'n uitvindsel om dié probleem by kindere die "hoof" te bied. 'n Mengsel van water, *Sham-Pet* sjampoe en *Nutri Hair Conditioner* wat aan die kindere se koppe gesmeer word. Laat vir 10 minute opbly en spoel dan af. Herhaal 1 keer per week.

Oom Brutus het so meegevoer geraak deur die vooruitsig op 'n nuwe uitvindsel, dat hy 'n paar dae lank agter 'n toe deur by die tekenbord in sy garage deurgebring het. Oom Brutus ontwerp sy uitvindsele op skaal.

Hy het daarna vir Ta'Maraia vertel dat hy 'n "veeldoelige" uitvindsel beoog. Een wat nie net vir ge-ïn-fekteerde kindere gebruik word nie, maar ook vir al die diere op die aalwynplaas: 'n kombinasie van iets soos 'n groentetunnel, 'n waterwurm, 'n stort en 'n beesdip. Om die hoenders byvoorbeeld aan te spoor om vrywillig deur die tunnel te beweeg, sê oom Brutus, sal hy 'n addisionele aanpor-apparaat installeer, naamlik 'n verestoffer aan 'n klein suierstang by die ingang na die tunnel.

Oom Brutus sal weet, want hy gebruik partykeer 'n lang verestoffer om die hoenders wat teen slapenstyd nog te lekker in die land wei, hok toe aan te por. Dan hardloop die hoenders nie hok toe nie, hulle vlieg lang ente, amper soos die hadidas doen na hul nesboom langs die hoenderhok. Hy sê hy dink nie die hoenders ken die verskil tussen die lang verestoffer en die arend wat dikwels hier op die aalwynplaas rondhang nie.

Vir die hoender"dip" beoog oom Brutus dan om die *Nutri Hair Conditioner* in die mengsel te vervang met aalwynbitterpoeier wat hy sal oplos in 'n bietjie alkohol om terselfdertyd hoenderluise en myte op die pootskubbe te verjaag. En belangrik: om die muskiete wat snags so op die sagte plekkies van die hoenders toesak, te verwilder.

Oom Brutus is begeesterd. Hy maak notas om die "gebruiksfeer", soos hy dit noem, van die tunnel te verhoog, en dit nóg veeldoeliger te maak. Hy kan die uitvindsel selfs vir Ta'Maraia aanpas en die *Sham-Pet* sjampoe en bittersap vervang met blou *Shower Gel* wat 'n mens se vel so heerlik laat tintel – en sal Ta'Maraia dalk belangstel om op donkermaanaande in die tunnel te gaan baai?

Ta'Maraia luister maar geduldig, en maak van tyd tot tyd 'n rustige aanmerking of rig 'n ligte waarskuwing soos: "Solank jy net nie deurmekaar raak met jou verskillende mengsels nie..." En: "Moenie te hoë druk gebruik nie, want dan is dit klaarpraat met die hoenders – én met hulle velle en vere. So, hou die druk maar laag, my ou ding", voeg sy dan versigtig by wanneer sy sien oom Brutus se wilde wenkbroue wip.

Oom Brutus is gevoelig vir kritiek. Veral as dit lyk asof een van sy uitvindings dalk die gevaar staan om 'n katoeter of 'n dingetjie te word.

Die hoenders op die Aloe Ferox aalwynplaas voel baie onseker oor hierdie verwickelinge. Hulle het nog nooit daarvan gehoor dat hoenders gedip kan word nie.

Kleintjie voel dit kan haar eierlêery beïnvloed. Sy het al ses eiertjies gelê waarvan die eerste enetjie maar so groot was soos 'n lukwart. Toiings het egter nie omgee toe hy dié verspote dingetjie sien nie, en het dit liefderyk haar "oefenlopie" genoem.

Heiki, die Duitse hen, is egter uitgesproke oor oom Brutus se voorgenome uitvinding: "Er ist definitiv beklopt, der liebe Onkelchen..."

Die diere van die aalwynplaas voel dit het tyd geword om 'n vergadering te hou. 'n Vreedsame vergadering. Oom Fausti German Sheperd stel homself beskikbaar as voorsitter. Om te bad of nie te bad nie, is vir hom 'n ernstige saak.

Word vervolg